# 6 Mei 2023 - Lesing 16 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

Openbaring 10

*1 EN ek het 'n ander sterk Boodskapper uit die Hemele sien neerdaal, bekleed met die Wolkkolom, en 'n reënboog was oor Sy hoof, en Sy aangesig was soos die son, en Sy voete soos pilare van vuur;*

*2 en in Sy Hand het Hy 'n **geopende Boekie** gehad, en Hy het Sy regtervoet op die see gesit en Sy linkervoet op die land;*

*3 en Hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe Hy uitgeroep het, het die **sewe donderslae** hulle stemme laat hoor. [Boekrol van Henog 20:2]*

*4 En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n Stem uit die Hemele vir my hoor sê: **Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.***

*5 En die Boodskapper wat ek op die see en op die land sien staan het, het Sy hand na die Hemele opgehef,*

*6 en Hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die Hemele geskape het en wat daarin is, en die Aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is dat daar geen tyd meer sal wees nie;*

*7 maar in die dae van die stem van die sewende Boodskapper, wanneer Hy begin blaas, **dan is die verborgenheid van Elohim volbring,** soos Hy die goeie nuus verkondig het aan Sy diensknegte, die Profete.*

*8 En die Stem wat ek uit die Hemele gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan, neem die geopende boekie in die hand van die Boodskapper wat op die see en land staan.*

*9 En ek het na die Boodskapper gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê Hy vir my**: Neem en eet haar op, en sy sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal sy soet wees soos heuning**. [JeségiEl 3:1]*

*10 Toe neem ek die Boekie uit die hand van die Boodskapper en eet haar op, en in my mond was sy soet soos heuning; maar toe ek haar geëet het, het my maag bitter geword.*

*11 En Hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings.*

Lees asb. Deborah Waldron Fry se boodskap van Vader oor **Openbaring 10** wat eers in vervulling gegaan het op 15.7.2017 met die oprigting van die Gilgalwiel. Die 7 donderslae vanuit die 7 geeste in die Dogter van Sion, Suid van die riviere van Kus!

25/4 "Die kragtige seuns en dogters van donder!"

Wie is die Seuns en Dogters van Donder? Hulle is die wedergebore, Geesvervulde, Bloedgekoopte Kinders van Elohim. Ek hoor die Gees sê, "Die wêreld sal net die Klank van Donder hoor, maar julle sal My Stem hoor en julle sal verstaan en openlik getuig en profeteer oor wat die Donderslae vir so 'n tyd soos hierdie sê!"

"Geliefdes. Julle is die Profetiese Generasie/Geslag waarop Ek My Gees uitstort. Die wêreld kan nie die dinge van die Gees verstaan nie, want dit kan slegs geestelik onderskei word. Diegene wat Nuwe Skeppings in Messias is, sal die Elohim van Glorie hoor donder. Julle sal die Sewe Donderslae hoor, **want julle sit in die Hemel saam met die Majestueuse Een omhoog.**

"Julle is die Seuns en Dogters van die Donder. Julle is hulle wat nie eis om gedien te word nie, maar julle begeer om te dien. Die grotes in die hemel heers nie oor ander nie, maar is Dienaars van die Allerhoogste. Die wat wandel in die Geheime Plek van die Allerhoogste vertoef onder die skaduwee van die Almagtige.

"Luister, geliefdes: Van My Troon kom blitse van weerlig, dreuning en donderslae. **Voor die troon brand sewe fakkels van vuur. Dit is die sewe geeste van Elohim.** Dit is My Stem wat julle deur die Gees hoor. Julle is die Kinders van My Stem, wat nie 'n ander sal volg nie. **Julle IS die Storm wat oor die hele aarde gestuur is!**

"Die Stem van die MEESTER is oor die waters; die Elohim van heerlikheid donder; die MEESTER is oor baie waters. Die Stem van die MEESTER is kragtig; die Stem van die MEESTER is vol majesteit. En julle sal dit hoor en julle sal profeteer aan die volke, dié wat gered is en ook aan dié wat verlore gaan. Dit is My begeerte dat niemand verlore moet gaan nie, maar dat almal gered, genees en verlos sal word.

"Brul, My kind, brul met die Stem van jou Elohim! As Ek brul, sal die Sewe Donderslae weerklink! Ons is Een, Geliefdes! Hou aan om te luister na die DONDER van My Stem en na die Gedreun uit My Mond. Oor die hele hemel sal Ek laat gaan, en My Weerligte sal tot die uithoeke van die aarde reik.

"En julle sal My volg, soos jong leeus, julle sal agter die Klank van My Stem aanhardloop! Die goddeloses hardloop weg as niemand hulle agtervolg nie, maar julle is so dapper soos 'n Leeu! My Stem BRUL, julle sal die Donder hoor van My Majesteit. **En Ek sal die Weerligstrale nie terughou nie,** en Ek sal wonderlik donder en groot dinge vir julle doen wat julle nie sal kan begryp nie.

"Dit is die SEWE GEESTE van Elohim, voor die Troon van Elohim en van die Lam wat oor die hele aarde uitgestuur is. Luister, My kind. Ek praat nou met jou, My liewe mens. **Die Sewe kandelare van Vuur brand voor julle.** Roep na My en Ek sal julle antwoord en aan julle groot en magtige dinge vertel wat julle nie weet nie.

"Ek openbaar hierdie dinge aan julle deur die Gees, die

diep dinge van julle Elohim. Die Elohim van Glansrykheid donder! Want JaHWeH Elohim doen niks sonder om Sy geheim aan Sy dienaars, die profete, te openbaar nie.

"**Die Leeu het gebrul**; wie sal nie vrees nie? JaHWeH Elohim het gespreek; wie kan anders as om te profeteer?! **Die donderslae spreek!** Spreek teenoor daardie dinge wat nie is soos wat hulle was nie. Profeteer, My Seuns en Dogters van die Donder! Profeteer !

***Joel_3:16*** *En JaHWeH* ***brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy Sy Stem,*** *sodat Hemele en Aarde bewe. Maar JaHWeH sal 'n toevlug wees vir Sy volk en 'n laer vir die kinders van JisraEl.*

***Jesaja 5:26*** *En Hy sal 'n banier ophef vir die nasies in die verte, en Hy fluit vir dié daar aan die Einde van die Aarde; en kyk, gou, haastig kom hulle.*

***27*** *Geen vermoeide en geen struikelende is onder hulle nie; hulle sluimer of slaap nie, en die gord van hulle heupe word nie losgemaak nie, en die riem van hulle skoene breek nie;*

*28* ***wie se pyle skerp is en al hulle boë gespan****; die pote van hulle perde is soos 'n klipsteen* ***en hulle wiele soos 'n stormwind****. [Odes van Salomo 23:5-6,11]*

*29* ***Hulle gebrul*** *is soos dié van 'n* ***Leeuin****, hulle brul soos* ***jong leeus*** *en maak gedreun en gryp die prooi en sleep weg sonder dat iemand red.*

***1 SamuEl_7:10*** *Want onderwyl ShemuEl die brandoffer bring en die Filistyne nader kom om teen JisraEl te veg, het JaHWeH dit dié dag* ***met 'n groot geluid laat donder oor die Filistyne,*** *en Hy het hulle* ***in verwarring gebring,*** *sodat hulle verslaan is voor die aangesig van JisraEl.*